2018/10/11
08:32 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2018/10/11	DATUM 2018/10/10			+ - LAST WEEK 2018/10/03		BY DIE GELD PUT OPSIE		WM		YM	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	JUL '19 TERMYNPRYS	R	2 569.00	R	2 550.00	
DJIA-index	25599	-831.83	-3.1%	26431	-3.6%	26562	PUT TREFPRYS	R	2 560.00	R	2 560.00	
Goud (Spot)	1192.97	3.33	0.3%	1189.64	-0.5%	1198.74	PUT PREMIE	R	234.89	R	224.42	
Brent $/vat	82.59	-2.27	-2.7%	84.86	2.3%	80.7						
1 € / US$	1.1548	0.00	0.3%	1.1510	-1.7%	1.1746	MIN SAFEX PRYS	R	2 325.11	R	2 335.58	
1 US$ / ZAR	14.74	0.230	1.6%	14.51	2.6%	14.36						
Corn	R 2 104.11	24	1.1%	R 2 080.41	*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day							
Wheat	R 2 764.34	35	1.3%	R 2 729.73	* CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day							
Soybeans	R 4 615.53	44	1.0%	R 4 571.24	* CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day							

Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							WEEK NR.	MIELIE UITVOERE		
Corn Dec 18	362.60	-1.60	-0.4%	364.20	Pariteitspryse gelewer in Randfontein. Koring DBN invoer pariteit ipv uitvoer pariteit		23	WM	YM	TM
Wheat Dec 18	510.40	-1.60	-0.3%	512.00			WEEK TOTAAL	4 834	10 722	15 556
Soybeans Nov 18	852.20	-5.20	-0.6%	857.40			JTD TOTAAL	161 053	1 183 779	1 344 832
PLAASLIKE MARKINLIGTING					Invoerpariteit	Uitvoerpariteit	UITVOERBAAR	1 550 000	2 455 000	4 005 000
SORGHUM Mar '19	3600.00	0.00	0.0%	3600.00	3621.00	2283.00	JTD AS % VAN UITVOERBAAR	10%	48%	34%
WMAZ Spot	2387.00	-58.00	-2.4%	2445.00	3712.00	1872.00	TEMPO/WEEK BENODIG	47 895	43 835	91 730
WMAZ Dec 18	2434.00	-66.00	-2.6%	2500.00	3366.00	1872.00		MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS		
WMAZ Jul 19	2569.00	-68.00	-2.6%	2637.00	3505.00	2008.00	WEEK TOTAAL	17 674	14 312	31 986
YMAZ Spot	2433.00	-42.00	-1.7%	2475.00	3366.00	1872.00	JTD TOTAAL	6 086 493	5 335 823	11 422 316
YMAZ Dec 18	2478.00	-55.00	-2.2%	2533.00	3366.00	1872.00	NOK SKATTING + REGSTELLINGS	6 601 560	5 779 650	12 381 210
YMAZ Jul 19	2550.00	-45.00	-1.7%	2595.00	3505.00	2008.00	% GELEWER VAN OES	92%	92%	92%
SOY spot	4570.00	-60.00	-1.3%	4630.00	6102.00	4044.00	TEMPO /WEEK BENODIG	24 527	21 135	45 662
SOY May 19	4817.00	-59.00	-1.2%	4876.00	7261.00	5185.00		KORING INVOERE		
SUN Spot 18	5094.00	-77.00	-1.5%	5171.00	6345.00	4742.00		2017/18	2016/17	5 Jr. GEM
SUN May 19	5044.00	-50.00	-1.0%	5094.00	7261.00	5185.00	WEEK TOTAAL	23 446	26 746	60 151
WHEAT spot 18	4390.00	-60.00	-1.3%	4450.00	4775.00	4455.00	JTD TOTAAL	2 177 232	934 765	1 606 316
WHEAT Dec 18	4489.00	-64.00	-1.4%	4553.00	4833.00	4513.00	TOTAAL BENODIG	2 177 232	934 765	1 606 316
WHEAT Mar 19	4619.00	-68.00	-1.5%	4687.00	4918.00	4598.00	JTD AS % VAN BENODIG	100%	100%	100%

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Mark Oorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R14.74/$en het verswak vanaf die vlakke waarteen dit gister met marksluiting verhandel het. Die rand het die afgelope twee dae groot bewegings getoon aangesien dit verswak het tot oor die R15/$ en weer versterk het tot en met ongeveer R14.5/$. Die rand behoort steeds so volatiel te bly in die volgende paar weke met die groot fokus in die plaaslike mark wat op die medium termyn begrotingsrede sal wees wat later hierdie maand gedoen word. Die groot uitdaging vir die nuwe minister van finansies in die medium termyn begroting sal wees om 'n goeie raamwerk te skep met beperkte spasie as gevolg van die finansiële druk wat daar reeds op die staatskas is. Op die kommoditeitsfront is die prys van Brent Ruolie vanoggend effens laer en verhandel dit teen $82.59/vat. Die olieprys is steeds hoog wat die algemene energie pryse duurder maak en die hoë olieprys tesame met die wisselvalligheid van die wisselkoers is nie gunstig vir die plaaslike brandstofpryse nie.

Mielies: Die Amerikaanse mieliemark het gister onder druk gekom en het ongeveer 0.7% laer gesluit vir die dag, hoofsaaklik as gevolg van die verwagting dat die USDA later vandag die Amerikaanse produksieskatting vir die seisoen hoër sal aanpas vanaf die vorige skatting wat 'n maand gelede gedoen was. Beide die Desember en Maart kontrakte het laer gesluit vir die dag. Ten spyte van die reën in van die produksiegebiede vorder die stroop proses in die VSA steeds goed en die 34% van die oes wat reeds gestroop is, is aansienlik vinniger as die 5 jaar gemiddelde tempo van 26% voltooi teen hierdie tyd van die seisoen. Die produksietoestande in die VSA is ook steeds goed en dus is die verwagtinge dat die produksie vir die seisoen moontlik nog opwaarts aangepas kan word. Tesame met die verwagte hoër produksieskatting, sal die Amerikaanse eindvoorraad vir die seisoen ook hoër aangepas word, wat negatiewe nuus vir die Amerikaanse pryse is. In ander internasionale nuus word die mielie uitvoere vanaf die Oekraïne vir die seisoen tot dusver op 1.73 miljoen ton gerapporteer. Die totale graanuitvoere vanaf die Oekraïne is 9% laer as 'n jaar gelede. In Frankryk is die mielie eindvoorraad vir die seisoen ongeveer 20% laer aangepas vanaf die vorige skatting wat gedurende September gedoen was. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister meestal onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is van beide wit en geelmielies. Die versterking van die rand het ook bygedra tot die druk op die plaaslike mieliepryse. In gister se weeklikse produsenteleweringsverslag is gerapporteer dat die weeklikse WM lewerings 17 674 ton was en die YM lewerings 14 312 ton. Die totale lewerings vir die seisoen tot dusver is 11.42 miljoen ton.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister ook onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag met rolspelers wat hulself in die mark posisioneer het voor die aankondiging van die nuutste WASDE verslag wat later vandag plaasvind. Die verwagting is dat die Amerikaanse produksie, sowel as eindvoorraad vir die seisoen hoër aangepas kan word sedert die vorige skatting. Die handelsoorlog tussen die VSA en Sjina veroorsaak ook dat die Amerikaanse voorrade hoog bly en dit hou die pryse onder druk. Die stroop proses in die VSA was die afgelope twee weke effens vertraag as gevolg van reën. In die nuutste USDA verslag is aangedui dat die stroop proses 32% voltooi is teenoor die 5 jaar gemiddeld teen hierdie tyd van die seisoen van 34% voltooi. Die produksietoestande is meestal onveranderd gelaat vanaf die vorige week se skatting teen 68% goed tot uitstekend. In ander internasionale nuus het Sjina gister ongeveer 100 700 ton se staatsreserwe sojabone op 'n veiling verkoop wat die totale hoeveelheid is wat te koop op die veiling aangebied was. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat ta ns gelys is. In gister se weeklikse produsenteleweringsverslag was die sojaboon lewerings vir die week op 415 ton gerapporteer wat die totale lewerings vir die seisoen op 1.473 miljoen ton te staan bring.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het ook gister onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag met die verwagting dat die USDA in vandag se WASDE verslag die eindvoorraad van koring vir die seisoen hoër kan aanpas. Die verliese vir die dag was beperk as gevolg van die vertragings in die aanplantings van die winterkoring as gevolg van oormaat reën wat in die sommige gedeeltes voorkom. Die winterkoring aanplantings word op 57% voltooi gerapporteer wat steeds effens vinniger is as die 5 jaar gemiddelde tempo van 54% voltooi teen hierdie tyd van die seisoen. In ander internasionale nuus is gerapporteer dat die koring uitvoere vanaf die Oekraïne vir die 2018/19 seisoen tot dusver 5.75 miljoen ton bereik het. Die verwagting in Rusland is dat die seisoen se koring produksie hoër sal wees as wat in die vorige skatting was met die produksie wat tussen 68 en 69 miljoen ton geskat word. Sjina het ongeveer 144 000 ton se staatsreserwekoring op 'n veiling verkoop wat 7.2% van die totaal was wat te koop aangebied was. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Daar is nog 'n invoertarief van R490/ton wat reeds getrigger is, maar nog nie afgekondig is nie.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

Opgestel deur *Luan van der Walt en Ikageng Maluleke* ***/ Vir navrae, kontak****: luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.